Clematis brachiata

E: Traveller's Joy , Old man's beard A: Klimop, Lemoenbloeisels
D: Waldrebe

Traveller's Joy , dis wat dit is!! Skouspelagtig!

Veral wanneer dit afgeblom het en die saadjies met hulle vliegtoestel

(aangehegte veertjie) ryp is, lyk dit asof die hele struik/boom oortrek is met 'n reuse spinnekopweb, of van nader bekyk met duisende veeragtige spinnekoppe.

In Aprilmaand oortrek die ranker struike en/of bome eers met massas roomkleurige blommetjies en pragtig grof geveerde liggroen blare en later in winter dan met die wollerige sade.. Ek sien hulle veral langs rivierlope. Dit is 'n gesig wat aandag **moet** trek!

Daar word geglo, dat die produksie van massas blomme op *Clematis brachiata* 'n goeie volgende reënseisoen voorspel. (Mag dit so wees!!)

Die plant is nie net 'n 'Traveller's Joy', omdat dit so mooi lyk nie; nee, dit verskaf ook verligting vir brandende en seer voete met blase (sit vars blare in jou stapskoene!), beskerm die kop teen son en hitte (sit stingel met blare in die hoed voor jy dit op jou kop druk), verhoed saaldruk by perde (sit stingels met blare onder die saal op die perd se rug) en werk wonderlik vervrissend en belewend

(maak aftreksel van blare en stingels, druk ‘n kopdoek/lap daarin, druk die water uit en draai die doek om jou kop).

Clematis brachiata

Interessant is, dat die woord *vital* in die Europese ‘neef’ van ons *Clematis brachiata* se naam steek, naamlik *Clematis vitalba* (foto links)

Orals in Afrika, waar Clematis groei, word dit medisinaal benut, veral om grieperige toestande te verlig (stoombad vir die kop), teen uitputting (vol- of voetbad), ook teen Syphilis (worteltee) en selfs teen slangbyt (ek weet nie hoe nie).

As tuinplant sal dit ‘n goeie bate wees; dit groei maklik, is redelik taai en lyk skouspelagtig mooi, wanneer dit blom/geblom het, maar dit moet ‘n klimop-toestel (heining/boom/dakkonstruksie) hê om op te klim. Dit lok talle insekte aan om nektaar te tap.

Wees op die uitkyk, hierdie jaar (2018) blom dit in oorvloed!

Inligtingsbronne: Indigenous Healing Plants (Margret Roberts)
Wildflowers of the Central Highlands of Namibia (Coleen Mannheimer)
Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)

Teks en fotos: Anka Eichhoff Foto Clematis vitalba: Google April 2018